MAANDAG BEPEINSING 2 MAART 2015

- VRYHEID -

Hierdie wonderskone en soetgedagte wat in elke opregte Boer se are bruis is ’n belewenis wat ’n lewenswyse word wanneer die ware betekenis ’n egte gestalte kry.

’Die politieke droom van die skepping van een of ander gewaande toestand verkry deur ’n verkiesing binne bestemde tye, kan beteken om vry te wees om aan ’n verkiesing deel te neem, maar as dit verby is geld die stem en die planne van die meerderheid. Verkiesings kan plaasvind wat mense insluit wat nie vry is nie maar onder die hiel staan van die meerderheid.

Die meerderheid bedryf vandag in Suid-Afrika ’n veelrassige eenheidstaat waarin die meerderheid die gang van sake bepaal en die minderheidstem en die nie-stemmende minderheid, die uitslag gelate moet aanvaar en hulle daarvolgens moet skik. Nie ’n demokrasie van Vryheid nie maar die demokrasie van verswelging.Daaraan neem ons deel of ons daarvan hou of nie. Nie in Vryheid nie maar in ondergeskiktheid.Daarom dat ons ’n hewige en opdraande stryd het om selfs Boere te oortuig dat daar wel ’n ander opsie is wat bereikbaar is deur die aanvaarding dat waarmee ons sit, nie ’n permanente oplossing kan bied nie. Dat die teenpool vir hierdie kunsmatige saamflansing ,Vryheid vir elke volk is.

Wyle mnr. Jaap Marais (skets onder) skryf in sy boek: Waarheid en Werklikheid die volgende,

“Maar wanneer dit om ’n volk se Vryheid en vaderland gaan,
is geen prys te hoog om te betaal nie.”

Die feit is: ons het gewaande Vryheid om te beweeg en om binne perke nog te doen, Maar ons het nie ’n vaderland waarin ons onsself kan wees nie. Ons het ’n etniese minderheid geword daarin, of dit wat ons geglo het, ons s’n was.

Om uit hierdie vangkuil te kom, moet ons weer ons eie grondgebied bekom, Die voorloper daarvan is om die volk op te roep om daarvoor te agiteer. Dit gaan twee prosesse aan die gang sit- insluiting en uitsluiting. Insluiting van hulle wat ingesluit wil wees en uitsluiting van diegene wat nie deel wil wees nie. Dit is nie verdeling nie maar die bymekaarbring van diegene wat uit innerlike oortuiging bymekaar hoort!

Piet Rudolph : 'n Boere-Republikein